e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

4 September 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Wat behels 'n Christelike etos in skole?

Verontwaardiging het uit byna alle Christelike kringe opgewel toe dit bekend word dat 'n groep genaamd die *Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie* ses openbare skole landwyd dagvaar om van hul Christelike etos afstand te doen.

Die groep beroep hulle op die Grondwet wat godsdiensvryheid waarborg, en redeneer dat die "voortrek" van een godsdiens lei tot diskriminerende praktyke teen leerlinge wat ander godsdienste of geen godsdiens nie aanhang.

In 2009 het Hans Pietersen, 'n bekende ateïstiese aktivis, onder die vaandel van Vrydenkers Suid-Afrika soortgelyke aksies geloods. Hul webwerf (**www.hulle.co.za**) toon dat "hulle" sedertdien nie agteroor gesit het nie. Die groep maak daarop aanspraak dat hulle dit nie teen godsdiens of die Christelike godsdiens het nie, maar dat die handhawing van 'n godsdienstige etos by skole noodwendig tot diskriminerende praktyke lei.

Die skole se argument is dat niemand gedwing word om aan skoolaktiwiteite met 'n Christelike aard deel te neem nie. Verdere teenargumente is dat opvoeding sonder 'n bepaalde etos in wese nie opvoeding kan wees nie, en dat die afwesigheid daarvan 'n klimaat skep vir immoraliteit, misdaad en ander euwels. Voorts word geargumenteer dat ateïsme self eintlik 'n godsdiens, een van geen god nie, verteenwoordig en dat die implementering van 'n godsdienslose etos op diskriminasie teen ander godsdienste, waaronder die Christelike geloof, neerkom. Beheerliggame se magte en besluite word deurlopend uitgedaag, en het al verskeie kere in die howe beland. In Suid-Afrika is daar meestal beslis in die guns van die beheerliggame, verteenwoordig deur Fedsas.

In die stryd wat nou voorlê, kom veral twee benaderings teen mekaar te staan. Die eerste is die VSA se model waar die beginsel van godsdiensvryheid inderdaad tot 'n praktyk van geen godsdiens in skole gelei het. 'n Stryd woed nou in die howe in die VSA waar munisipaliteite en deelstate veg vir die reg om vergaderings met gebed te open, of wetgewing aan God op te dra. Dit word sterk teengestaan deur groepe soortgelyk aan "Hulle", en behaal wisselende sukses. 'n Oorloggedenkmuseum is byvoorbeeld swaar beboet omdat dit ook 'n kruismotief uitgebeeld het.

Die tweede benadering is dié van Duitsland, waar die naoorlogse regering geoordeel het dat die opkoms van die Nazi's juis weens sedelike verval moontlik was, en verpligte godsdiensonderrig as teenvoeter ingestel het. Omdat Duitsland ook godsdiensvryheid waarborg, is die bywoning nie verpligtend nie, en oor die afgelope paar jaar word ook die Islam as opsie aangebied. Dalk is die vraag nie of 'n skool 'n Christelike etos mag kies nie, maar eerder wat die Christelike etos van 'n skool behels, en of groepsdruk soms tot diskriminasie teen aanhangers van ander (of geen) gelowe lei.

Ondertussen het dr Wouter van Wyk op die kwessie gereageer: "Die Hervormde Kerk betreur die hofaansoek van *die organisasie vir godsdiensonderrig en demokrasie* teen 'n aantal Afrikaanse skole waaroor *Beeld* op Dinsdag 2 September berig. Die organisasie, sy akte van oprigting en oogmerke, en sy steunbasis is onbekend, en behoort openbaar gemaak te word. Dit is 'n illusie of oëverblindery om voor te gee dat kennisoordrag of onderrig waardevry kan plaasvind, en ons is daarom bekommerd dat hierdie hofaansoek eintlik daarop gemik is om 'n ateïstiese waardestelsel in die plek van 'n Christelike waardestelsel te plaas. Dit is die roeping van elke gelowige om oral en te alle tye getuie van ons geloof in Jesus Christus te wees, en die Suid-Afrikaanse grondwet gun ons daardie vryheid."

Terselfdertyd is hierdie hofaansoek 'n wekroep aan die kerk en gelowige ouers om meer erns te maak met die geloofsvorming van ons kinders. Die krag van die evangelie wat deur mense uitgeleef word, ook by die skool, kan in elk geval nie deur enige hofsaak gestuit word nie.

Herman Toerien
(met insette van dr Gerhard Lindeque)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Vakante werkruimte

- **Gemeente Rustenburg Jac van Belkum** het ’n werkruimte vir **deeltydse bediening**. Die standplaas het vakant geraak met die vertrek van ds Suzelle Lange. Jac van Belkum bestaan uit 166 belydende lidmate (218 dooplidmate). Die werkopdrag en vergoeding sal met elke aansoeker bepreek word. **Aansoeke sluit op 20 September 2014.** Vir meer inligting, skakel mev Hester Coetzee (skriba) by 083 324 9983 of ds Johnny Young (konsulent) by 083 730 0706.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Prof Eddie Engelbrecht

- **Prof Eddie Engelbrecht** (emeritus) is Dinsdagaand 2 September in die Milnerton Medikliniek oorlede. Hy was vir twee weke in die hospitaal met onder andere longontsteking en is Sondag ontslaan, maar was baie swak. Hy is Dinsdag weer opgeneem en het ’n massiewe hartaanval gehad. Prof Engelbrecht het in 1997 emeritaat aanvaar en sou in Oktober 77 jaar oud gewees het. Die roudiens vind op Dinsdag 9 September om 11:00 plaas in Gemeente Kaapstad se kerkgebou in Tygerberg. Ons bid sy vrou, Sarie, en hul kinders Heilet, Jan, Ansie, Koos en Eddie (jr) en die 12 kleinkinders sterkte en berusting toe.

Dr Anet Dreyer-Krüger

- **Prof Piet Geyser se oudste suster** is Donderdagoggend 28 Augustus in die intensiewesorgeenheid van die Eugene Marais-hospitaal oorlede na lewerversaking. Sy was 81 jaar oud. Haar man, Jan Verwaard, ly aan Alzheimers en word in die Tweerivieren-siekeboeg versorg. Ons bid hul dogter en seun, prof Geyser en die res van die familie die Heer se troos toe.

- **Ds Anet Dreyer-Krüger** van Gemeente Rustenburg-Suid kry op Donderdag 4 September haar doktorsgraad (PhD) in teologie onder promotorskap van prof Andries van Aarde. Haar proefskrif het gehandel oor Filmhermeneutiek: Die huwelik, intimiteit, seksualiteit en die Christusnarratief. Baie geluk, dr Anet!

- ’n **Tydelik-deeltydse vakature** het ontstaan in die **Departement Dogmatiek en Christelike Etiek** van die Universiteit van Pretoria. Die kandidaat moet ’n gelegitimeerde predikant van die NHKA wees, in ooreenstemming met ‘n ooreenkoms tussen die NHKA en die Universiteit. Volledige inligting is as **aanhangsel** by hierdie nuusbrief aangeheg.

- Die **eredienstye in Kaapstad en Melkbosstrand** het verander. Met ingang van Sondag 7 September begin die eredienste by Tygerberg om 09:30 en 19:00. Die erediens by Melkbos begin om 09:30.

- **FINAAL VIR LANDWYE BYBELVASVRA**
  Gemeentes wat saam wil kamp en nog nie bespreek het nie, moet vinnig speel. Die saamgesels oor gesinsbediening vind ook dieselfde naweek plaas, dus is die plek beperk!
  Datum: **26-28 September**
  Plek: Kwaggasrus Kampterrein
  Koste: R380 per persoon (vir die kampnaweek)
  R50 per persoon (dagbesoekersfooi vir die Vasvradag)
  Besonderhede vir betaling: Tjeks uitgemaak aan Raad van Finansies
  Elektroniese inbetalings: ABSA, rekening nommer 0020000287
  Verwysing 16RVGS & Gemeentenaam
  E-pos bewys van betaling na **kassier@nhk.co.za** en **bybelvasvra@gmail.com**

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Bejaardes raak gaandeweg hardhorend maar wil dit nie graag erken nie. Navorsing het bewys dat ’n redelike persentasie bejaardes met Alzheimersiekte gediagnoseer is terwyl hul stilte, vreemde opmerkings en optredes en vereensaming in werklikheid die gebrek aan goeie gehoor is. Wanneer sodanige tekens sigbaar word, staan die bejaarde by om onmiddellik ’n gehoortoets te laat doen. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September: Voetsporefees**
  Aangebied deur die RDV van die ring van Losberg
  Hoërskool Jan Viljoen se sportgronde (Randfontein)
  Kunstenaars: Gerrie Pretorius, Fredi Nest, Dillon Lerm, NRG,
  Marli (lyndansers), Tanya V, Maritza, Jerome Alden, Tommy Oliver en
  die Kannie Worries Boere-orkes
  Ook: rodeo, hondevertoning, uitstallers, modelkompetisie, pretpark, kosstalletjies en baie meer
  Die fees sluit af met ’n gesamentlike ringserediens
  Kontak Mac van Zyl (082 806 7650) of Elize Coetzee (074 561 5385)

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September**
  Gemeente Philadelphia is 50 jaar oud en vier fees
  Alle oudlidmate welkom
  Vrydag 12 September: Duitse kuieraand
  Saterdag 13 September: Basaar en *Amazing Race*
  Sondag 14 September: Dankdiens
  Navrae aan Elize by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**

- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop**
  Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes
  Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
  Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
  Meer besonderhede by **nhswartkop@telkomsa.net**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 September, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 4 September:	Ds MD (Giel) Malan (Wonderboompoort)
o Vrydag 5 September:	Ds D (Deirdre) van der Merwe (Bethlehem/ Reitz)
o Saterdag 6 September:	Ds P (Paul) Buitendag (Volksrust)
o Sondag 7 September:	Ds JJP (Kobus) Müller (emeritus)
o Maandag 8 September:	Di WJ (Cobus) Jansen van Nieuwenhuizen (Hartebeeshoek) en M (Manda) le Roux (beroepafwagtend)
o Dinsdag 9 September:	Ds LJ (Louis) Venter (Rustenburg-Tuine)
o Donderdag 11 September:	Ds APJ (Dries) Beukes (Swartkop)
o Vrydag 12 September:	Ds M (Mariaan) Schutte (buiteland)

Beplande vergaderings

o Donderdag 4 September:	Kommissie van die AKV
o Vrydag 5 September:	Kommissie van die AKV
o Woensdag 10 September:	Predikantevergadering
o Saterdag 13 September:	NHSV Hoofbestuur Monumenttehuis Ledevergadering

Kursusse en toerusting

- **Predikantevergadering 2014: Woensdag 10 September**
  Sukkel jy om jou entoesiasme oor die evangelie met passie oor te dra?
  Hoor jou gemeente jou nie meer nie?
  Voel die Bybel soms te dun wanneer jy soek na ’n preek?
  Met die tema *Kom ons vertel…* gaan ons kyk na nuwe moontlikhede om die prediking aan te pak en te verpak. Aan die hand van Romeine 8: 18-39 gaan gekyk word na moontlikhede om die boodskap van die teks oor te dra op ’n nuwe, unieke manier sodat die gemeente weer die evangelie van Jesus Christus kan hoor.
  Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana
  Registrasie 08:30; opening 09:00; tot ongeveer 14:00
  R180 per persoon, geen koste vir emeriti
  Gelde kan vooraf elektronies inbetaal word:
  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: Kerkgeld vir Kerkwerk
  Rekeningnommer: 020-149-752
  Takkode: 632-005
  Verwysing: 1540K + voorletters en van
  Stuur bewys van betaling na **kassier@nhk.co.za** / 086 633 2913 (faks)
  (Bring ’n kombers of kampstoel saam vir u eie gebruik)
  Verskonings aan ds Marius Bacon by **baconm@telkomsa.net** / 083 297 6135

- **Jaarvergadering van NIMSA**
  (Network for Interim Ministry in Southern Africa)
  Alle persone van enige denominasie wat as leraar of brugleraar by gemeentebediening betrokke is, word uitgenooi
  Datum: 2 Oktober
  Plek: NG Kerk Greymont, Johannesburg
  (Die terrein is naby die N1 en naby Rosebank-stasie van die Gautrein)
  Tyd: Registrasie begin 09:30; vergadering van 10:00 tot 19:00
  Koste: R100 per persoon (sluit alle koste en etes in)
  Tema: Gemeentebediening vindingryk bekyk
  Spreker: Ds Hannes Janse van Rensburg van NHKA Zuurfontein
  Meer inligting oor NIMSA by **www.nimsa.co.za**
  Laat weet asseblief vooraf as u gaan bywoon
  Navrae aan dr Martin Lazenby by **doklazenby@gmail.com** / 079 493 4957
  of ds Hannes Janse van Rensburg by **hannes@nhzuurfontein.org** /
  082 927 3700

Skryfwenke

Soos ’n mens by die keuse van kleredrag rekening hou met die weer en die geleentheid (byvoorbeeld partytjie, onthaal of begrafnis), moet jy ook by styl rekening hou met die doel van die teks en met die lesers.

By alle skriftelike kommunikasie is van ’n belangrike driehoek sprake: skrywer, leser en teks. Skrywers probeer verseker dat hul boodskap gunstig ontvang word. Lesers wil in ’n redelike tyd verstaan wat hulle lees. Kommunikasie moet effektief en oortuigend wees.

Skrywers bevind hulle in ’n bepaalde lewensituasie en taalsituasie. Wanneer graaf Spencer, die broer van prinses Diana, na haar dood ’n huldeblyk skryf wat tydens die roudiens voorgedra sal word, sal die situasie van die dood en die konteks van dié soort huldeblyk volgens algemeen aanvaarde kultuurkonvensies vra vir ’n oorwegend formele teks.

Die belangrike vraag by die beplanning en skryf van elke teks is: Wie is my **lesers**? Is dit byvoorbeeld die breë publiek of vakkundiges, sakelui of natuurwetenskaplikes?

Die leser is die verbruiker, die analis. Die doelgroep bepaal die woordkeuses, sinsbou en sinslengte. Erik van der Spek, in *Helder en pakkend schrijven*, sien die teks as ’n dialoog. Skrywers is in gesprek met een of meer lesers – skrywers moenie hulself bereik of oortuig nie, maar die lesers.

Daar kan onderskei word tussen primêre en sekondêre lesers. Die primêre lesers van ’n doktorale of magisterstudie sal waarskynlik vakkundiges en studente op daardie gebied wees. Koerantberigte is oor die algemeen vir die breë publiek bedoel, hoewel die hoofartikel, resensies en berigte oor gespesialiseerde onderwerpe soos die ekonomie en tegnologie ’n kleiner leserspubliek sal hê.

Die **teks** is die ontmoetingsplek tussen die skrywer en die leser, maar is nie outonoom nie: Dit staan binne allerlei agtergronde. Elke teks maak deel uit van ’n tradisie. Die tekswetenskap onderskei hoofsaaklik drie soorte tekste: verhalende, beskrywende/informatiewe/instruktiewe en betogende tekste. Die tekssoort bepaal of dit gepas sal wees vir ’n skrywer om sy persoonlike stempel op die teks af te druk – by ’n resensie van ’n boek of film is ’n persoonlike uitspraak en toon wel van pas. In ’n koerantberig soek die leser feite en besonderhede, en nie die mening van ’n beriggewer nie.

Volgens die teoretikus Mikhail Bakhtin is taalbeheersing nie in die kennis van reëls opgesluit nie, maar in die kennis van taalgebruik – in die nuwe en konkrete betekenis wat dit in elke bepaalde konteks verkry. Alle taaluitings is enersyds gerig op ’n verwagte reaksie of *antwoord*, en andersyds op ’n verlede van vorige uitings.

(Bron: *Stylboek. Riglyne vir paslik skryf.* Piet du Toit en Wanda Smith-Müller. 2003)

Allegaartjie

Gaan e-boeke papierboeke vervang? Wel, kodekse (die papierboek soos ons dit vandag ken, met ’n rug en bladsye wat geblaai kan word) het na ongeveer 500 jaar die boekrol vervang, maar ons het vandag trappe naas roltrappe, klaviere naas klawerborde, besems naas stofsuiers. Ek sien nie e-boeke as ’n bedreiging vir die papierboek nie, maar as ’n nuttige aanvulling. (Coenraad Walters, onderwyser-bibliotekaris)

Konserte en feeste

- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana**
  Konsert met Burgerd en Zita
  Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria
  Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30
  Volwassenes R80, kinders R30
  Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

- **Saterdag 6 September om 09:30: Konsert**
  Fondsinsameling vir Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Panfluitoggend en heerlike tee en verversings
  'n Lentebries met Ryan Walt en Stephan Sterling
  Kerkgebou van Gemeente Erasmia, Kalkheuwelstraat, Christoburg
  Vir kaartjies (R60) skakel Sannie Duvenhage (012 654 5246)

- **Sondag 14 September om 15:00: Koorfees**
  Tienie van Wyk en Gemeente Vereeniging
  Qualitrio, Deltakoor, Strictly Strings
  en Vereeniging Gimnasium Skoolkoor
  Kerkgebou, Hofmeyerlaan 45, Vereeniging
  R40 per persoon
  Navrae aan dr Piet Boshoff **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Saterdag 18 Oktober om 19:00: Gemeente Zuurfontein: Grootseun 2**
  Gebaseer op Grootseun-briewe van Barend Vos in *LIG*
  Om fondse in te samel vir aanbou van kinderkerklokaal
  Plek: NG Kerk Kempton Kruin, Fiskaalstraat, Glen Marais
  Kaartjies: R80 elk (vertoning is uur lank sonder pouse)
  Kontak Annelize Viljoen by 072 052 9193 vir kaartjies

Sportbyeenkomste

- **Donderdag 11 September: Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Gholfdag by Akasia-gholfbaan
  R300 per speler, R1 200 per 4-bal
  Navrae aan ds Stephen de Beer by 074 658 4630

- **Vrydag 12 September: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Plek: Bronkhorstspruit Gholfklub
  Formaat: 4BBB, afslaan: 11:00
  Koste: R250 per speler
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263 / **attiebotha@telkomsa.net**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Kaapstad: Vrydag 5 September: Lentekosfees**
  15:00 tot 20:00
  ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
  Hollandse krokette, gevulde spekulaas, rookwors, pap-en-wors, ens
  Tombola, tweedehandse boeke, tee en koffie en vele meer
  Navrae aan Johann 076 326 1322 / Hettie 083 556 5745

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word
  Inskrywings in veelvoude van R20
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714

Basaars en markte

- **Vrydag 5 September: Gemeente Swartkop**
  Basaar (Dankfees)
  14:00 tot laat
  Irelandlaan 107, Eldoraigne

- **Saterdag 1 November 08:00 tot 16:00: Gemeente Schoemansdal (Hartbeespoort)**
  Kersmark
  Tafels beskikbaar teen R100 elk – geen verdere koste nie
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 012 235 0146

ANDER NUUS

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

Tuinwoonstel (ongemeubileer) te huur

Rietondale, Pretoria

Rietondale is 'n rustige woongebied direk noord van die Uniegebou
Digby universiteite, Brooklyn, die middestad en hospitale

Voorstoepie, onderdakparkering
Netjies en privaat – geen troeteldiere
Word verhuur as 'n enkelpersoonwoonstel
Bachelor-uitleg (slaap-/woonkamer/kombuis), badkamer met toilet, stort en wasbak
Vereiste dat huurder die omgewing se rustigheid, stilte en stabiliteit sal waardeer en handhaaf

Huurtermyn is vir die 2015-kalenderjaar
Die 2014-huurder het reeds ontruim en woonstel is onmiddellik beskikbaar

Huurgeld: R2 300/maand (elektrisiteit ingesluit) Deposito: R2 300 Kontak Jan Oberholzer by 082 851 1081

- **Vrydag 5 September: Loslitdag**
  R10 per plakker (R4 vir TOIBO en R6 aan Raad vir Persone met Gestremdhede)
  Kry of bestel jou plakkers by:
  Arina Jooste 012 320 7644 / **toibo@nhk.co.za**
  Susan Moore 012 322 8885 x252 / **mannekrag@nhk.co.za**
  Koop sommer 10 of 20 en verkoop dit weer verder!

- **Saterdag 6 September: Super 10 Spinnathon**
  Ten bate van *Beeld*-Kinderfonds
  Van 07:00 tot 17:00 aan waterkant van Centurion Mall
  Kry inligting oor inskrywingsfooie en reëls by Adrie van Staden
  011 976 2273 / 073 749 2697 / **info@beeldkinderfonds.co.za**

- **Woensdag 24 September (vakansiedag): Konferensie**
  Gereformeerde Kerk Bet-El: Sola Scriptura 2014
  God sê: Ouderlinge slegs mans
  Tyd: 09:00 tot 15:00
  Koste: R65 (worsbroodjies en filterkoffie ingesluit)
  Plek: Gereformeerde Kerk Rietvallei
  Bespreek deur **www.itickets.co.za** (volledige program daar beskikbaar)

- **Saterdag 11 Oktober: Ondersteuningsraad**
  Gholfdag by Tweefontein Golfklub in Witbank
  GPS: S 26 01 33.68 E 29 10 22.91
  Eerste afslaan om 8:30 met intervalle van ± 10 min
  Bespreek 'n gholfkarretjie teen R180
  R200 per speler (dus R800) per vierbal
  Etes en drinkgoed vir elkeen se eie rekening
  Putjies kan vir R2 000 geborg word
  Bespreek by dr Charmain Fourie by 012 322 8885 x313 / 071 684 7796

- **VAKATURE: PROJEKBEAMPTE (Kontrakaanstelling)**
  Bybelgenootskap van Suid-Afrika
  Departement Vertaling, Hoofkantoor, Bellville
  Vyfagtstes-pos (projekondersteuning aan Bybelvertalers)
  Minimumvereistes: Seniorsertifikaat; gevorderde vaardighede in MS Word, Excel, Outlook, HTML
  Volkome tweetalig (Engels en Afrikaans)
  Prestasie-areas: Installering van sagteware
  Opleiding van vertalers ten opsigte van sagteware
  Opstel en byhou van intra- en internet-databasisse
  Sistematiese argivering en verwerking van kommentaar
  Tegniese verwerking van tekste
  Sluitingsdatum 12 September, diensaanvaarding 1 November 2014
  Navrae aan **personnel@biblesociety.co.za**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Aan hierdie hart se tenger kelk
het U getik en fyn
uitdeinend sing die glas
sy melodie van pyn.

U lê ’n vinger op die rand
wat skrynend, weerloos tril,
en skielik word my hart
se fyne smartsang stil.

(Ernst van Heerden – *Musiek*)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.

'n Tydelike-deeltydse vakature het ontstaan in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek vir 'n gelegitimeerde persoon van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) in ooreenstemming met 'n ooreenkoms tussen die NHKA en die Universiteit van Pretoria.

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK

LEKTOR/SENIOR LEKTOR

(TYDELIKE-DEELTYDSE POSISIE VIR 20 URE PER WEEK) (Verw. 21659)

Pligte: Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit in (maar is nie beperk nie tot) die volgende: • Onderrig op voor- en nagraadse vlak in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek • Uitvoer van navorsingspligte en take soos deur die Fakulteit Teologie bepaal • Betrokkenheid by die aktiwiteite van die Departement.

Minimum vereistes:

Lektor: • MDiv-graad (met spesialisering in Dogmatiek en Christelike Etiek) of 'n gelykstaande kwalifikasie (HOKR 8) • Ten minste een jaar ervaring van onderwys/onderrig aan 'n tersiêre instelling • Bewese belangstelling in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek (soos geïllustreer in die tema van spesialisering en ander publikasies) • Nagraadse studie in Dogmatiek en Christelike Etiek.

Senior Lektor: • PhD (Dogmatiek en Christelike Etiek) of gelykstaande kwalifikasie (HOKR 10) • Ten minste drie jaar ervaring van onderrig/betrokkenheid aan 'n tersiêre onderwysinstelling • Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Dogmatiek en Christelike Etiek • Nasionale erkenning as gevestigde akademikus • Suksesvolle toesighouding vir nagraadse studente op magistervlak.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se vlak van aanstelling wees, volgens UP-beleid en -riglyne. Die vergoeding vir hierdie tydelike-deeltydse pos sluit nie medies- en voorsorgfondsbydrae in nie volgens UP-beleid.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan: • 'n Omvattende CV • Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies • Die name, e-pos- en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak •Die name en kontakbesonderhede van eweknie-beoordelaars (akademie en navorsing) • Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 22 September 2014.

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

NAVRAE: Prof. J. Buitendag, tel. (012) 420-2322.

Indien daar nie teen **30 November 2014** met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

SSRA 1-9-14